Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 9: Vayeshev (וישב) – En Hy Het Gewoon

En Jakob het gewoon in die land van die vreemdelingskap van sy vader, in die land Kanaän. Gen. 37:1

Torah : Gen. 37:1 tot 40:23

Haftorah: Amos 2:6-3:8.

Nuwe Verbond: Hand. 7:9 tot 16; Matt. 22:37 tot 40; Joh. 13:34

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 9 wat afgelaai kan word by: Parashah9Notas14 en by Parashah9Notas15.

Three things in life that, once gone, never come back: Time, words and opportunity! – Anonymous.

In the midst of winter, I finally learned that what was in me was an invincible summer – Albert Camus.

Never look down on anybody, unless you're helping them up – Anonymous.

People don't care what you know until they know that you care – President Roosevelt.

Midrash (Torah Bespreking)

Hierdie week se Torahskriflesing is die begin van die geskiedenis wat gaan eindig waar Jakob en sy nageslag hulle in Egipte gaan vestig – *'tydelik'* vir sowat 400 jaar. Dit is 'n belangrike oorgangstadium in die geskiedenis van YHVH se uitverkore volk. Tot hede het Torah hoofsaaklik gefokus op die individuele lewe van ons voorgeslagte, naamlik van Adam, Noag, Abraham, Isak en Jakob. Hierdie week is die begin van die fokus op die leiers van die twaalf stamme, naamlik die seuns van Jakob, en die begin van die volk Israel wat uiteindelik YHVH

se koninklike priesterdom sal word met Yeshua Messias as die ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek!!

Ons leef in die dispensasie waar elkeen wat deur die Gees van YHVH wedergebore is, deel is van hierdie koninklike priesterdom. Hy wat ons liefhet, het ons van ons sondes losgemaak deur Sy bloed en ons 'n koninkryk van priesters vir YHVH gemaak (Open. 1:5 en 6)! Dit wat YHVH in Ex. 19:5 en 6 aan sy volk gesê het, is in Yeshua vervul. Daarom skryf Petrus:

Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,
julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9 en 10 – PWL.[1]

Hoe jammerlik is dit dat daar weinig in die Messiaanse Beweging (*Hebrew Roots Movement*) is wat hierdie waarheid snap en daarvolgens lewe! Die wat bekoor word deur die leerstellings van Rabbynse Judaïsme se oë is gevestig op die fisiese en het derhalwe 'n verwagting, van 'n aardse tempel met 'n Levitiese priesterorde wat daar diens sal verrig. Daarom word die brief aan die Hebreërs deur talle in die Messiaanse Beweging verwerp, of ernstig bevraagteken, veral teksverse soos Heb. 7:11 tot 17, want dit strook nie met die 'suurdeeg' (valse leringe) van Rabbynse Judaïsme nie!

As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?
Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,
want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie, want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroei het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.
Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.
Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,
want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek" (PWL).

Let op wat vers 11 sê! *As daar dus* ***volledige afhandeling (volkomenheid)*** *deur die Levitiese priesterskap was, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek?* Die Grieks vir *volledige afhandeling* of *volkomenheid* is *teleiōsis* (G5050) en beteken *voltooi; volmaak (perfek); volmaaktheid; vervulling en voltrekking.* Hiervolgens is dit dus duidelik dat die Levitiese priesterorde nie die volmaakte, of die vervulling, of die voltrekking is van YHVH se plan nie! Nee, Yeshua die Gesalfde se folterdood en opstanding het die volmaakte en die voltooide priesterorde ingestel, naamlik die Melgisedekorde waarvan Yeshua die ewige Hoëpriester is en elkeen wat wedergebore is, en die Torah soos in Yeshua vervul is volg, is 'n koninklike priester!

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Daarom herinner die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons dat ons ‘n altaar het waarvan die wat die tabernakel (tempel) bedien, geen reg het om te eet nie (Heb. 13:10). Die Levitiese priesterorde wat Yeshua verwerp het, het geen reg tot hierdie hemelse altaar nie!

Ons het ’n altaar, waarvan dié wat die Tabernakel bedien, geen outoriteit het om van te eet nie.
Die diere, waarvan die bloed ter wille van die sonde, deur die hoofpriester in die afgesonderde plek ingedra word, se liggame word buitekant die kamp verbrand;
daarom het Yeshua ook, om die mense deur Sy eie bloed af te sonder, buitekant die stad gely;
daarom moet ons ook uitgaan na Hom toe, buitekant die kamp, terwyl ons Sy skande dra,
want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons kyk uit vir die één wat kom.
Laat ons, deur Hom, altyd aan God ’n lofoffer bring, wat die vrug van die lippe is wat dank bring aan Sy Karakter en Outoriteit (Naam). Heb. 13:10 tot 15 – PWL.

Rabbynse Judaïsme is op ‘n aardse koninkryk gefokus, soos dit reeds in die dae van Yeshua op aarde was. Die gelowige in Yeshua is egter deel van YHVH se Hemelse Koninkryk. Yeshua het ons verlos van elke bose werk en het ons gered om in Sy hemelse koninkryk in te gaan (2 Tim. 4:18). Hierdie koninkryk van die hemele is soos ‘n kosbare skat en soos mooi pêrels (Matt. 13:44 tot 46).

As koninklike priesterdom het ons die taak om YHVH se Koninkryk hier op aarde te vestig. Daarom bid ons daagliks: *Laat U koninkryk kom, soos in die hemel so ook op die aarde*!

Rabbynse Judaïsme sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense! Daarom moet die wat Rabbynse Judaïsme as hulle leermeester beskou die woorde van Yeshua onthou toe Hy gesê het:

Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle maak die Koninkryk van die hemel toe voor die mense; omrede julle self nie ingaan nie, laat julle nie toe dat hulle wat wil, ingaan nie. Matt. 23:13 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Op welke wyse sluit Rabbynse Judaïsme die koninkryk van die hemele toe voor die mense? Die volgende kommentaar van Matthew Henry ten opsigte van Matt. 23:13 is insiggewend in die verband:

   > *The scribes and Pharisees were enemies to the gospel of Christ, and therefore to the salvation of the souls of men. It is bad to keep away from Christ ourselves, but worse also to keep others from him. Yet it is no new thing for the show and form of godliness to be made a cloak to the greatest enormities. But dissembled piety will be reckoned double iniquity. They were very busy to turn souls to be of their party. Not for the glory of God and the good of souls, but that they might have the credit and advantage of making converts. Gain being their godliness, by a thousand devices they made religion give way to their worldly interests. They were very strict and precise in smaller matters of the law, but careless and loose in weightier matters* (Matthew Henry’s Concise Commentary).

   Is Rabbynse Judaïsme nie ook vandag hieraan skuldig nie? Is hulle ook vyande van die Eavngelie van Yeshua Messias? Het hulle ook ‘n skyn van godsaligheid? Ken hulle die geregtigheid van God? Hulle maak nie dissipels van Yeshua nie, maar dissipels van Rabbynse Judaïsme onder die dekmantel dat hulle YHVH dien. Baie word hierdeur

mislei, selfs tot die mate dat hulle Yeshua verwerp of Sy Karakter en Outoriteit bevraagteken!

Wie Buig Voor Wie?

Yosef het ook 'n droom gehad wat hy vir sy broers vertel het en hulle het hom nog meer gehaat.
Hy het vir hulle gesê: "Luister asseblief na hierdie droom wat ek gehad het.
Let op, ons was besig om gerwe te bind op die land toe my gerf meteens opstaan en regop bly staan terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig."
Sy broers sê vir hom: "Sal jy miskien koning wees oor ons? Of sal jy miskien oor ons heers?"
Hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde. Gen. 37:5 tot 8 – PWL.

In hierdie week se parashah sien ons dan ook die begin van die gebeure wat uiteindelik die verdeling van Israel in twee huise tot gevolg sal hê. Die nageslag van Josef en Juda sal uiteindelik hierdie twee huise, bekend as die huis van Efraim (Josef) en die huis van Juda, vorm.

Ons weet dat Josef se droom waar geword het en dat Josef se broers (die latere huis van Juda) voor hom in Egipte gebuig het! Hierdie geskiedenis is profeties van toekomstige gebeure wat weer herhaal sal word.

Die geskiedenis van Josef en sy broers is daarom ook 'n sinnebeeld dat dit die huis van Juda is wat uiteindelik voor die huis van Josef (Efraim) sal buig en nie andersom nie. Dit is Juda wat Josef verkoop het en so ook het die huis van Juda vir Yeshua 'verkoop'. Juda en sy broers het sy vader Jakob se geliefde seun Josef verwerp en so het Rabbynse Judaïsme ook YHVH se Seun verwerp. Hierdie sinnebeeld word ook in die Skrifte van die nuwe verbond herhaal. In haar artikel 'Jona: Duif' (**JONA (Duif) 2015.2**) verduidelik Ina van Niekerk dit soos volg:

> *In Matt. 27:16 – 26 en ooreenstemmende plekke in die ander evangelies lees ons van Barabbas.*
>
> *Dis "Bar Abbas". Seun (bar) van die vader (Abba-s), maar watter vader?*
>
> *BarAbbas was 'n gevangene omdat hy 'n dief en 'n moordenaar was (Joh. 18:40, Mark. 15:7, Luk. 23:18). Hy was dus vanaf die duiwel as vader (Joh. 8:44).*
>
> *Aan die ander kant is daar JaHUsha die Messias wat vanaf Sy Vader kom. Hy en die Vader is een.*
>
> *Sy Vader was JaHUaH (Joh. 5:43, Joh. 17:1 - 26). JaHUsha het met Sy Vader gepraat toe Hy op die folterpaal was (Luk. 23:34, Luk, 23:46).*
>
> *Die naam "BarAbbas" hier in Matt. 27 het **gesinspeel** op diegene wat **Satan**, die Anti-Messias, **as hulle vader sou kies**, soos hulle "BarAbbas" hier gekies het.*
>
> *Toe hulle gevra word wie **losgelaat** moet word, "BarAbbas" of JaHUsha (Matt. 27:19), het hulle uitgeroep: "BarAbbas".*
>
> *Tydens Jom Kippur word daar die lot gewerp tussen twee bokke (Lev. 16:8 – 10). Die een bok word geoffer as sondoffer vir ons sondes (Jes. 53, Rom. 4:25).*

Dit het gedui op JaHUsha en die dood wat Hy sou sterf ter wille van ons sondes.

Die ander bok, die sondebok, ***Asasel,*** *word dan* ***losgelaat*** *in die woestyn. Net soos wat* ***BarAbbas"*** *hier* ***losgelaat*** *is!*

In die boek van Henog lees ons van Azazel (Henog 54,55). Hy word as Satan uitgebeeld. Asasel, die sondebok, is Satan.

Dieselfde patroon word gegee in Lev. 14:4 -7 met twee duiwe. Een word geslag, en een word vrygelaat.

Daar is egter 'n sinspeling met name op hierdie kritieke tyd tweeduisend jaar gelede, waar daar gekies moes word deur die mense. BarAbbas of Messias JaHUsha.

BarAbbas, Asasel, het sy volgelinge, naamlik ***diegene wat nie die Messias kies nie****, maar wat JaHUsha as Messias weereens "****dood****" verklaar.*

BarAbbas was soos 'n politieke leier van sy tyd en het hulle bevryding van die Romeinse juk belowe. Hulle het nie 'n lydende Messias verwag soos wat JaHUsha was nie.

Maar tog het ander Jode soos Sy disspels JaHUsha gevolg as hulle groot Hoë Priester in die Orde van Melgisèdek.

Dit is "Silo" (Shilo) wat gekom het (Gen. 49:10), die Koninkryk van die Hemel se Priesterorde wat herstel is, en Hy is nou die Wetgewer met Sy wette wat geopenbaar is in die Brit Chadashah, naamlik die Torah van die Messias.

Diegene wat Hom gekies het, het afstand gedoen van enige Judaïsme. Dis ***daar*** *waar die* ***skeiding*** *al gekom het!*

BarAbbas die moordenaar, is vrygelaat en JaHUsha wat onskuldig was, is wat hulle betref, vermoor.

Hand. 3:14 "En julle het die Afgesonderde en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk word."

En tog is daar in die Messiaanse Beweging 'n groot organisasie soos die Hebrew Roots Teaching Institute (HRTI) wat die volgende stelling maak:

Believers from the house of Israel, also known as Ephraim or Joseph, who is generally known as 'Messianics', is commanded by the Torah to listen and learn from the House of Judah.

Die HRTI gaan nog verder deur die volgende stelling ook te maak:

How arrogant of the "church" and "Messianics" to come and pretend they can teach the Jews. No, Scripture has it that the Messianic lost sheep will eventually learn from Judah concerning the Divine Constitution during the Olam Habah. This Divine 'Constitution' is enshrined in the Torah of Israel. Its judicial interpretation has been Divinely mandated to the Tribe of Judah (the Jews and their spiritual leaders of today, the Rabbis).

Wat is dit anders as om te verkondig dat die huis van Efraim voor die huis van Juda moet buig? Dit is tog die huis van Efraim wat die huis van Juda ten opsigte van Yeshua Messias en eindtydprofesie moet leer! Dit was Josef wat die waarheid aan sy broers openbaar het!

Josef is ‘n sinnebeeld van Yeshua (Messias ben Josef) en daarom sal die huis van Juda in die einde van dae voor die Koning van alle konings buig in erkenning dat Yeshua die Messias is wat hulle voorgeslagte verwerp het!

En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here. Open. 19:16

Daarom is dit feitlik ondenkbaar dat HRTI verwag dat ons by Rabbynse Judaïsme moet gaan leer terwyl ons weet dat hulle Yeshua as Messias verwerp en dit deel vorm van hulle leerstellings.

Dit behoort van selfsprekend te wees dat Yeshua nie so iets aan Sy dissipels sal sê nie! Ons kan dit met sekerheid weet, want Yeshua het juis gewaarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 16:6 tot 12). En ons weet dat Rabbynse Judaïsme is gebou op die fondament van Fariseïsme. Hierdie suurdeeg van die Fariseërs is hulle leerstellings:

Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:12 – PWL.

Ons kan dus met sekerheid aanvaar dat Yeshua ook vandag aan ons sou sê: *Pasop vir die suurdeeg – die leerstellings – van Rabbynse Judaïsme*!

Die saad wat Rabbynse Judaïsme saai is in vele opsigte die onkruid wat gesaai word terwyl die mense slaap (Matt. 13:24 tot 30)! Die woord vir *onkruid* in Grieks beteken *drabok.* Hierdie plant lyk tydens die groeistadium net soos koring, en dit is slegs die kundiges wat die ware koring van die drabok kan onderskei. Drabok is dus vals koring, en dit bevat ook ‘n susmiddel wat mense goed laat voel. Rabbynse Judaïsme laat mense ook geestelik ‘goed voel’ en dit is die gevaar wat elkeen moet besef! Maar onthou:

Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge; wie kan dit verstaan? Ek, יהוה, deursoek die verstand, wil en emosie, Ek toets die gedagtes, om aan elkeen te gee volgens sy lewenswyse, volgens die vrug van sy dade. Jer. 17:9 en 10 – PWL.

Daarom: Volg Rabbi Yeshua en leer by Hom met die hulp van die Afgesonderde Gees **en vermy die die suurdeeg van Rabbynse Judaïsme – of wees minstens ernstig bewus van die gevare daarvan!**

*“**Let op na en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs**.”*
Hulle het dit onder mekaar bespreek en gesê: “Dit is omdat ons geen brood gebring het nie,”
maar Yeshua het dit geweet en vir hulle gesê: “Kleintjies in vertroue, wat bespreek julle onder mekaar dat julle geen brood gebring het nie?
Verstaan julle tot nou toe nog nie en onthou julle ook nie die vyf brode en die vyf duisend en hoeveel groot mandjiesvol julle opgetel het nie?
Ook nie die sewe brode van die vier duisend en hoeveel ronde mandjiesvol julle opgetel het nie?
Hoe is dit dat julle nie verstaan dat Ek nie oor brood met julle gepraat het nie, maar om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs?”
Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:6 tot 12 – PWL.

Nota: Bogenoemde word meer volledig bespreek in die artikel “Wie Is Jou Rabbi” wat afgelaai kan word by: Okt15Leermeester**.**

Bepeins of Bespreek

1. Na wie luister jy? Na die woorde van Yeshua Messias of na die woorde van Rabbynse Judaïsme? Voor wie buig jy en by wie se voete sit jy om te leer van YHVH Yeshua? Wie is jou Rabbi – jou Leermeester?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.